

17 April

Romeine 15:1-13, (Teks: 15:13)

Vreugde en vrede

In Romeine 14 en volgende skryf Paulus oor die heidense offermaaltye wat net om eet en drink gaan. God se koninkryk bestaan nie uit eet en drink nie, "maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van mense" (Rom. 14:17 en 18). 'n Mens kan slegs aan die vreugdemaaltyd van vrede aansit wanneer jy jou werklik beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder. Vrede en vreugde hoort bymekaar as 'n geskenk van die Heilige Gees. Vreugde kom vanweë die vrede. Vrede is daar deur Christus verwerf. Sonde verdryf vrede en versteur die verhouding tussen mens en God, en mens en mens. Christus doen versoening. Die soenbloed van die Lam bring harmonie in die verhouding tussen God en mens, asook tussen mens en mens. Dit gee opnuut blydskap omdat God die Heilige Gees ons laat deel in die gawes van die versoening: vrede en vreugde. Paulus bid dat God die gemeente met vreugde en vrede vul. Vreugde en vrede is die wesentlike dinge waarom dit in God se koninkryk gaan (Rom. 14:13). Vrede is die vrug van die Heilige Gees waarin blyk dat die mens, versoen met God, ook met sy naaste versoen is en in harmonie met hom verkeer. Vreugde sien op die blydskap wat deel is van die versoende gelowige; 'n vreugde wat ook in onderlinge verhoudinge sigbaar word (Gal 5:22).

Sing: Psalm 84:5

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)